

JY EN JOU REGTE

Ongeskiktheidstoelaag

Jy kan aansoek doen om 'n Ongeskiktheidstoelaag indien jy in **finansiële nood** verkeer en jy ongeskik is om jouself te onderhou.

Jy moet **minder as R6 150 per maand** verdien (enkel persoon) of **R12 300 per maand** (getroude pare). Die goedere en enige tweede eiendom in jou besit word ook geassesseer.

Vanaf 1 October 2018 was die maksimum toelaagbedrag **R1 700 per maand**. Jy sal egter minder ontvang, aangesien hoe meer jy verdien hoe kleiner sal jou toelaag word.

Jy kan by jou naaste SASSA-kantoor aansoek doen vir die toelaag – jy hoef niks te betaal om aansoek te doen nie.

Jy moet 'n Suid-Afrikaanse burger, 'n permanente inwoner of 'n vlugteling wees tussen die ouderdom van 18 en 59 jaar. Ander buitelanders kom nie in aanmerking vir 'n toelaag nie.

Jy moet **wettige mediese bewyse** van jou ongeskiktheid saamneem, so wel as ander dokumente – soos jou ID en bewys van jou huwelikstatus en inkomste. Maar indien jy nie dié dokumente het nie, KAN jy steeds aansoek doen met alternatiewe identifikasie.

Indien jy nie self na die SASSA-kantore kan gaan nie sal SASSA reël om jou tuis te besoek om die aansoek te voltooi. Daarna kan jy 'n familielid –of vriend vra om namens jou op te tree.

SASSA sal op die **tydperk** van die toelaag besluit, gebaseer op hoe lank jy waarskynlik ongeskik sal wees.

Permanente ongeskiktheid is langer as 12 maande – terwyl **tydelike** ongeskiktheid tussen 6 en 12 maande duur.

Indien jou toelaag goedgekeur word kan jy aansoek doen om tydelike hulp in die vorm van **Sosiale Verligting van Nood (SRD)** terwyl jy vir jou eerste betaling wag. Die SRD-geld sal van jou eerste toelaag afgetrek word.

Indien jy gereelde versorging tuis benodig kan jy aansoek doen vir 'n **Toelaag-in-Hulp**.

Afhangende van hoe jy ongeskik geraak het kan jy ook voordele van die **Pad Ongelukke-fonds (RAF)**, die **Werkloosheidsversekeringsfonds (UIF)** of **Vergoeding vir Arbeidsbeserings** of **Kompensasie vir Beroepsbeserings-en Siektesfonds (COIDF)** verkry.

Indien jou huishouding in nood verkeer kan jy by die Munisipale Kantore aansoek doen om hulpbehoewende status dit mah jou help met die koste van jou water, elketirisiteit en eiendomsbelasting..

Elkeen het die reg tot toegang tot sosiale sekuriteit, geskikte sosiale hulp, insluitend indien hul nie instaat is om hulself en hul afhanklikes te onderhou nie. Die staat moet redelike wetgewende en ander stappe binne hul beskikbare bronne neem om die progressiewe realisering van elk van hierdie regte te behaal.

- **Afdeling 27 van die Suid-Afrikaanse Grondwet.**

Elkeen het die reg tot administratiewe aksie wat wettig, redelik en proseduraal regverdig is .. en elkeen wie se regte nadelig beïnvloed is deur administratiewe aksie het die reg tot geskrewe redes.

- **Afdeling 33 van die Suid-Afrikaanse Grondwet.**

WETLIKE ONTKENNING: Hoewel elke poging aangewend is om te verseker dat die inligting wat hier gepubliseer is, korrek is, aanvaar die Black Sash geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade wat mag voortspruit uit die vertrouwe of gebruik van hierdie inligting nie. Die inhoud konstitueer nie regsadvies nie. Hierdie feitestaats is laas in **October 2018** opdateer.

Vir enige navrae oor toelaes skakel die SASSA-tolvrye hulplyn:

0800 601 011

Kontak die **Black Sash HULPLYN** vir **GRATIS** parawetlike ondersteuning –en advies:



072-66 33 739
help@blacksash.org.za

Ongeskiktheids- toelaag



H
EAL

B L A C K S A S H
MAKING HUMAN RIGHTS REAL